



Sessie 2

Die 3D-bril





2

Die 3D-bril

Vooraf

Lees vooraf hoofstuk 8-14 van *Leef stroom-op!*

Onthou altyd, jou 4:8-bril laat jou in die geloof dinge sien wat ander nie kan sien nie. Ja, soos Martin Luther gesê het: "Geloof is om te glo wat jy nie kan sien nie, en om dan te sien wat jy nie kan glo nie."

Hebreërs 11:1 wil presies dit sê: Geloof is doodgewoon die vermoë om beter te kan sien as wat ander mense kan sien. Dis om te weet daar is 'n onsienlike God waarmee 'n mens rekening moet hou; ja, dit stel jou in staat om die noodsaaklike te sien en dis waarom jy jou 4:8-bril moet dra. Só sal jy altyd **stroom-op** leef!

(uit *Leef stroom-op!* hoofstuk 1)

Opening

Doen 'n gebed saam en gee daarna die geleentheid vir groepslede om te deel wat vir hulle uitgestaan het terwyl hulle hoofstuk 8-14 van *Leef stroom-op!* gelees het.

Video-“clips”

Kyk saam na die gratis aflaaibare video-“clip” **Die 3D-bril**.

Neem notas oor enigiets wat vir jou uitstaan in die “clip”. (As julle tyd het, kan julle dit twee keer kyk.)

Bespreking

1. Deel met mekaar wat vir jou in die “clip” uitgestaan het.

2. Wat frustreer jou die meeste van 3D-flieks en wat is vir jou die lekkerste daarvan? Wat was jou beste 3D-fliekervaring wat jy al ooit gehad het en hoekom?

3. Bespreek die volgende: In Filippense 4:8 leer ons:

- Daar sal altyd probleme wees – dinge om oor te kla.
- Daar sal goeie dinge wees – dinge om voor dankbaar te wees.
- Ons kan ons vrye wil uitoefen – kies om positief of negatief te wees!

Dis asof Paulus ons leer dat daar altyd twee beelde sal verskyn op die skerm van die lewe. Maar die Filippense 4:8-bril help jou om op die een beeld te fokus ... die positiewe God-dinge!

4. In hierdie sessie se “clip” hoor ons dat Paulus hierdie bril ontwerp terwyl hy in die tronk in Rome is – omstandighede is aaklig, hy wag op sy dood, hy skryf aan mense wat vervolg word vir hulle geloof nes hy destyds in Filippi vervolg is!

Hoe geloofwaardig maak hierdie omstandighede van Paulus én die mense van Filippi die 4:8-bril vir gebruik vandag?

5. Watter betekenisvolle les leer jy uit David McClellan se studie met die studente? Hoe help dit jou om 'n **stroom-op** lewe te leef?

Groepsontdekking

1. Bespreek die volgende **stroom-op** stelling van Charles Finney: "A state of mind that sees God in everything is evidence of growth in grace and a thankful heart." Wat verhoed 'n mens om so te lewe? Wat is die voordele van so 'n manier van lewe?

2. Hier is verskillende vertalings van Filippense 4:8. Lees dit hardop in die groep voor.

Alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.

~ Filippense 4:8, 1983-vertaling

Vul julle gedagtes met alles wat waar, eerbaar, skoon (rein), suiwer, lieflik en lofwaardig is.

~ Filippense 4:8, NLV

Summing it all up, friends, I'd say you'll do best by filling your minds and meditating on things true, noble, reputable, authentic, compelling, gracious – the best, not the worst; the beautiful, not the ugly; things to praise, not things to curse.

~ Filippense 4:8, *The Message*

Weet julle waaraan julle moet dink in plaas daarvan om julle te sit en bekommer? Dink aan dit wat vir God saak maak, dinge wat ordentlik en reg is, dinge waaraan God sal dink en waarvoor Hy sal hou, dinge

wat God sal sê goed is. Moenie julle tyd mors om aan allerhande nuttelose dinge te sit en dink nie. Hou julle besig met dinge wat die moeite werd is en wat God in 'n goeie lig stel.

~ Filippense 4:8, *Die Boodskap*

Laat die verskillende Filippense 4:8-vertalings jou help om die volgende vrae te antwoord.

Oordink verskillende aspekte van die 4:8-bril individueel en vra jou elke keer af: Wat leer die wêreld (met ander woorde stroom-af siening) en wat beteken Paulus se woorde vir 'n **stroom-op** persoon?

- Alles wat WAAR is

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

- Alles wat EDEL is

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

- Alles wat REG is

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

- Alles wat REIN is

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

- Alles wat MOOI is

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

- Alles wat PRYSENSWAARDIG is

Wat is die stroom-af siening hiervan?

Wat beteken hierdie **stroom-op** leefwyse prakties?

3. Bespreek die volgende gedeelte uit *Leef stroom-op!* se tweede hoofstuk.

Descartes het baie lank terug sy beroemde stelling gemaak: "Ek dink; daarom is ek."

Dit wat ek dink, bepaal hoe ek optree, ja, bepaal wat ek sien. Jy kan nie negatief dink en positief leef nie, net so min as wat jy appelsaadjies kan plant en verwag om lemoene te oes!

Noem die nadele van negatief dink.

Noem die voordele van positief/hoopvol dink.

4. Wat leer jy uit die volgende woorde en hoe help dit jou om 'n **stroom-op** lewe te leef?

Cornelius Plantinga het tereg gesê: "Evil rolls across the ages, but so does good. Good has its own momentum. Corruption never wholly succeeds ... grace is stronger than sin. Grace is an anvil that has worn out a lot of our hammers." Jou 4:8-bril laat jou op hierdie waarheid fokus: God is almagtig; niks is op die lange duur bestand teen sy genade en goedheid nie. NIKS nie! (uit *Leef stroom-op!* hoofstuk 3)

5. Augustinus, 'n ou kerkvader, het iets gesê wat verklap dat hy ook altyd sy 4:8-bril gedra het: "Slegte tye, harde tye, dis wat mense aanhou sê, maar laat ons goeddoen, en tye sal goed wees. Ons is die tye: soos ons is, so is die tye!" (uit *Leef stroom-op!* hoofstuk 6)

Wat sê Augustinus se woorde oor die effek van 'n **stroom-**

op leefstyl? Watter praktiese dinge dink jy kan **stroom-op** persone doen om die tye goed te maak?

6. Die 4:8-bril daag jou uit om anders te lewe; daarom het *Leef stroom-op!* hoofstuk 6 se nadinkoomblik die volgende 4:8-gedagtes op die tafel geplaas. Deel en vier julle antwoorde met mekaar.

- Noem een ding wat waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig is in jou lewe.

- Noem een ding wat waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig is waarvoor jy dankbaar is.

- Noem een ding wat waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig is wat jy al in jou lewe bereik het.

- Noem die een mens wat waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig in jou lewe is.

- Noem een ding waarna jy uitsien in die volgende sewe dae wat waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig is.

Afsluiting

Sluit af met 'n gebed en herinner almal dat hulle voor volgende week se byeenkoms hoofstuk 15-21 van *Leef stroom-op!* moet lees.